Les 12 Dawid word koning

Kernboodskap
God kies anders as mense.

Aanvangsaktiwiteit
Kies twee 'leiers' en laat hulle beurte maak om maatjies een vir een vir hulle spanne te kies. Vra hulle dan hoe hulle besluit het om te kies.

Skriflesing
1 Samuel 16 *dieBybel@kinders* bl.306-307

Wat kan ons hieruit leer?
Net soos wat God in Dawid iets spesiaal raakgesien het, wat selfs sy pa nie eers geweet het nie, sien God ook in ons harte waarin ons goed is. Hy kies ons om sekere werke vir Hom te doen, en Hy kies ons nie oor hoe ons lyk nie, maar oor wat ons kan doen en wie ons kan wees!

God wil hê jy moet in Sy span wees. Hy het jou GEKIES, want Hy sien in jou hart dat jy 'n verskil kan maak! So deel God elke dag vir ons elkeen 'n kroon uit, want ons is sy kinders, en Hy maak ons deel van sy koninkrykspan.

As deel van hierdie span sal ons nie kyk hoe iemand lyk en daarvolgens besluit of hy goed of sleg is nie... Ons moet na mense kyk soos God na hulle kyk!

Kom ons bid saam....
Liewe Jesus, baie dankie dat U my gekies het. Ek wil graag in U span speel. Amen.

Slotaktiwiteit
Maak 'n kroon en sit dit op jou kop, want jy is 'n Koningskind! Teken by die huis 'n prentjie van jouself met jou kroon om volgende week vir jou maats te kom wys!

Riglyne vir die groepleier

Jy gaan die volgende benodig vir hierdie lessie!

- dieBybel@kinders
- Uitdraaikryte of inkleurpotlode
- Kroonpatrone op A4 kartonne gedruk
- Skêre
- Toutjies en rekkies

aktiwiteit 12

Koningskind!

Teken ‘n spoggerige prentjie van jouself met jou kroon op om te onthou dat jy Jesus se Koningskind is!

tuis opdrag

Vra dat Mamma en Pappa vir jou Jona se storie lees of vertel.